

Agtergrond- Inligtingsdokument vir

OIB van voorgestelde 250 km 400 kV kraglyn vanaf Borutho substasie tot by Nzhelele substasie



deur



N3umbululo
heritage solutions south africa

AGTERGRONDINLIGTINGSDOKUMENT VIR DIE OMGEWINGSIMPAKBEPALINGPROSES VIR DIE VOORGESTELDE KONSTRUKSIE VAN 'N 400 KV ±250 KM KRAGLYN VANAF BORUTHO S/S IN MOKOPANE TOT BY BOKMAKIERIE S/S IN NZHELELE & GEPAARDGAANDE SUBSTASIEWERK OM DIE KRAGLYN TE AKKOMMODEER, LIMPOPO PROVINSIE (DOS VERWYSINGSNR. 14/12/16/3/3/2/287, EN NDOS VERWYSINGSNR. DEAT/EIA/0001049/2012)

Nzumbululo Heritage Solutions South Africa (HESSA) is deur Eskom as onafhanklike kontrakteur aangestel om die omgewingsimpakbepalingstudies vir die voorgestelde 400 kV kraglyn van ongeveer 250 km in Limpopo provinsie te onderneem. Die voorgestelde kraglyn is 'n aktiwiteit wat nadelige impakte op die omgewing kan hê. 'n Omgewingsimpakbepalingproses word kliënteladingsnetwerk (KLW), insluitende die Tabor- en Spencer-kragroete, bly steeds vatbaar vir spanningonstabiliteit en is die swakste deel van die Noordelike Ruitnetwerk omdat dit bô sy betroubare kragoordragdrempel bedryf word. Hierbenewens is die Polokwane KLW, m.a.w. Tabor en Spencer 275 kV en 132 kV netwerk, vatbaar vir lae spanning, ten spyte van die versterking, wat goedgekeur en waarvoor opdrag gegee is, van die netwerk in die jaar 2010. Hierdie projek sal help om die bestaande netwerkbepelings aan te spreek en infrastrukturele betroubaarheid en voldoende elektrisiteitsvoorsiening te verseker. Ander voordele sluit die volgende in:

DOEL VAN HIERDIE DOKUMENT

Die doel van hierdie Agtergrondinligtingsdokument (AID) is om belanghebbers van inligting oor die voorgestelde projek te voorsien, om aan belanghebbers die geleentheid te bied om as Belangstellende en Geaffekteerde Partye (B&GP'e) in die omgewingsimpakbepalingproses te registreer en om kommentaar en bydraes van B&GP's in te win ten opsigte van die potensiele impakte op die omgewing.

Hierdie AID sal B&GP'e help om:

- te bepaal of hulle in die voorgestelde projek belang stel en/of daardeur geaffekteer word;
- die projek beter te verstaan ten einde kommentaar te kan lewer; en
- die omgewingmagtigingsproses te verstaan sodat hulle in staat is om deel te neem.

Die doel van die OIB-proses is om potensiele impakte te identifiseer en te evalueer, om maatreëls aan te beveel om negatiewe impakte te voorkom of te verminder en om positiewe omgewingsimpakte te vergroot. Die OIB-gesag is die Departement van Omgewingsake (DOS) in ooreenstemming met artikel 24 (5) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998). Die OIB word volgens die DOS se OIB-riglyne onderneem.

PROJEKBESONDERHEDE

Die gedetailleerde beskrywing van die voorgestelde projek is as volg.

Die projek behels die konstruksie van 'n 400 kV kraglyn van ongeveer 250 km van Borutho Substasie tot by Bokmakierie Substasie en die gepaardgaande werk om die kraglyn tussen die twee substasies te integreer.

Projekmotivering

Die Polokwane kliënteladingsnetwerk (KLW) bestaan hoofsaaklik uit platinum- en sinkmynbouaktiwiteite, asook plattelandse ladings. Die Polokwane

250 km in Limpopo provinsie te onderneem. Die voorgestelde kraglyn is 'n aktiwiteit wat nadelige impakte op die omgewing kan hê. 'n Omgewingsimpakbepalingproses word kliënteladingsnetwerk (KLW), insluitende die Tabor- en Spencer-kragroete, bly steeds vatbaar vir spanningonstabiliteit en is die swakste deel van die Noordelike Ruitnetwerk omdat dit bô sy betroubare kragoordragdrempel bedryf word. Hierbenewens is die Polokwane KLW, m.a.w. Tabor en Spencer 275 kV en 132 kV netwerk, vatbaar vir lae spanning, ten spyte van die versterking, wat goedgekeur en waarvoor opdrag gegee is, van die netwerk in die jaar 2010. Hierdie projek sal help om die bestaande netwerkbepelings aan te spreek en infrastrukturele betroubaarheid en voldoende elektrisiteitsvoorsiening te verseker. Ander voordele sluit die volgende in:

- dit voldoen aan die 20-jaar Tabor en Spencer eindstaatladung van 846 MW, met 100 MW nuwe lading gekonnekteer;
- dit verseker betroubare voorsiening van die beraamde Tabor eindstaatladung van 466 MW,
- dit verseker betroubare voorsiening van die beraamde Spencer eindstaatladung van 380 MW,
- geen risiko van beurtkrag tydens die N-1 transformasieverlies by Tabor of Spencer hooftransmissiestelsels nie; en
- dit skep 400 kV reserwe lynkapasiteit van die Witkop substasie af.

Ligging van projek

Die projekarea is geleë binne:

- Vhembe Distriksmunisipaliteit
- Mogalakwena Plaaslike Munisipaliteit
- Makhado Plaaslike Munisipaliteit
- Blouberg Plaaslike Munisipaliteit
- Capricorn Distriksmunisipaliteit
- Molemole Plaaslike Munisipaliteit
- Aganang Plaaslike Munisipaliteit

REGSVEREISTES

Aktiwiteite waarvoor aansoek gedoen word:

Die volgende aktiwiteit wat ingevolge Artikels 24 en 24D van NEMA (Goewermentkennisgewingnr. 544 en 546 van 2 Augustus 2010) gelys is, sal in die OIB vir die projek evalueer word. Die OIB-proses word onderneem in ooreenstemming met die regulasies wat ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1996), soos gewysig, gepromulgeer is:

Dui die nommer en datum van die relevante kennisgewing aan:	Aktiwiteitnr.(s) (in terme van die relevante kennisgewing) :	Beskryf elke gelyste aktiwiteit soos per projekbeskrywing ¹ :
GNR545 (Lyskennisgewing 1) van 18 Junie 2010	8	Die konstruksie van fasiliteite of infrastruktuur vir die transmissie en verspreiding van elektrisiteit met 'n kapasiteit van 275 kilovolt of meer, buite 'n stedelike gebied of nywerheidskomplekse.
GNR544 (Lyskennisgewing 1) van 18 Junie 2010	10	Die konstruksie van fasiliteite of infrastruktuur vir die transmissie en verspreiding van elektrisiteit (1) (i) buite stedelike gebiede of nywerheidskomplekse met 'n kapasiteit van meer as 33 maar minder as 275 kilovolt (ii) binne stedelike gebiede of nywerheidskomplekse met 'n kapasiteit van 275 kilovolt of meer (i) kanale (ii) waterlope (iii) brûe (iv) damme (v) studamme (vi) grootmaat stormwateruitlaatstrukture (vii) marinas
	22	Die konstruksie van 'n pad, buite stedelike gebiede (i) met 'n reserwe breër as 13,5 meter of (ii) waar geen reserwe bestaan nie waar die pad breër as agt meter is, of (iii) waarvoor 'n omgewingsmagtiging verkry is vir die roetebepaling ingevolge aktiwiteit 5 in Goewermentkennisgewing 387 van 2006 of aktiwiteit 18 in Kennisgewing 545 van 2010
	24	Die transformasie van grond groter as 1 000 vierkante meter tot residensiële, kleinhandel-, kommersiële, nywerheid- of institusionele gebruik, waar sodanige grond ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie Bylae as oop ruimte gesoneer was of 'n gelykstaande sonering gehad het. .
	26	Enige proses of aktiwiteit wat geïdentifiseer is ingevolge artikel 53(1) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit, 2004 (Wet Nr. 10 van 2004).
	27	Die uitdiensstelling van bestaande fasiliteite of infrastruktuur vir – (i) elektrisiteitsopwekking met 'n drempel van meer as 10 megawatt; (ii) elektrisiteitstransmissie en -verspreiding met 'n drempel van meer as 132 kilovolt; (iii) kernreaktors en opberging van kernbrandstof; (iv) aktiwiteite waar die fasiliteit of die grond waarop dit geleë is, besmet is; (v) opberging, of opberging en hantering, van gevaarlike goedere van meer as 80 kubieke meter;
	38	Die uitbreiding van fasiliteite of infrastruktuur vir die transmissie van elektrisiteit, waar die vergrote kapasiteit meer as 275 kilovolt sal wees en die ontwikkelingsvoetspoor sal toeneem.
GNR546	47	Die verbreding van 'n pad met meer as 6 meter, of die verlenging van 'n pad met meer as 1 kilometer – (i) waar die bestaande reserwe breër as 13,5 meter is, of (ii) waar daar nie 'n reserwe is nie, waar die pad breër as 8 meter is, uitgesonderd waar die verbreding of verlenging in stedelike gebiede


¹ Let asseblief daarop dat hierdie beskrywing nie 'n verbatim herhaling van die gelyste aktiwiteit, soos vervat in die relevant Goewermentkennisgewing, moet wees nie, maar 'n kort beskrywing van aktiwiteite moet wees wat onderneem sal word volgens die projekbeskrywing

(Lyskennisgewing 1) van 18 Junie 2010	4	<p>plaasvind.</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) Die konstruksie van 'n pad breër as vier meter met 'n reserwe van minder as 13,5 meter: <ul style="list-style-type: none"> i. In 'n riviermonding. ii. Buite stedelike gebiede, in:- <ul style="list-style-type: none"> (aa) 'n Beskermd gebied wat ingevolge NEMPAA geïdentifiseer is, uitgesonderd bewaarareas; (bb) Fokusgebiede van die Nasionale Strategie vir die Uitbreiding van Beskermd Gebiede; (cc) Sensitiewe gebiede soos geïdentifiseer in 'n omgewingsbestuursraamwerk soos beoog in Hoofstuk 5 van die Wet en soos deur die bevoegde owerheid aangeneem; (dd) Terreine of gebiede wat ingevolge 'n internasionale konvensie geïdentifiseer is; (ee) Kritieke biodiversiteitsgebiede soos geïdentifiseer in stelselmatige biodiversiteitsplanne wat deur die bevoegde owerheid aangeneem is of in bioregionale planne; (ff) Kerngebiede in biosfeerreservate; (gg) Gebiede binne 10 kilometer van nasionale parke of wêrelderfenisterreine of vyf kilometer van enige ander beskermd gebied wat ingevolge NEMPAA geïdentifiseer is of van die kerngebied van 'n biosfeerreservaat; (hh) Gebiede seewaarts van die ontwikkelingsterugsetlyn of binne een kilometer van die hoogwatermerk van die see as daar nie so 'n ontwikkelingsterugsetlyn bepaal is nie. iii. In stedelike gebiede:- <ul style="list-style-type: none"> (aa) Gebiede wat vir gebruik as openbare oop ruimtes gesoneer is; (bb) Gebiede wat vir bewaringsgebruik aangewys is in ruimtelike ontwikkelingsraamwerke wat deur die bevoegde owerheid aangeneem is, of wat vir 'n bewaringsdoel gesoneer is; (cc) Seewaarts van die ontwikkelingsterugsetlyn of in stedelike beskermd gebiede.
	12	<p>Die skoonmaak van 'n gebied van 300 vierkante meter of meer van plantegroei waar 75% of meer van die plantbedekking inheemse plantegroei is</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) In enige kritiek bedreigde of bedreigde ekosisteem wat gelys is ingevolge artikel 52 van die NEMBA of voor die publikasie van so 'n lys, in 'n gebied wat in die Nasionale Ruimtelike Biodiversiteitsassessering van 2004 geïdentifiseer is as kritiek bedreig; (b) In kritieke biodiversiteitsgebiede wat in bioregionale planne geïdentifiseer is; (c) In die kus- aktiewe sone of binne 100 meter landwaarts van die hoogwatermerk van die see of 'n riviermonding, wat ook al die grootste afstand is, uitgesonderd waar sodanige verwydering agter die ontwikkelingsterugsetlyn op erwe in stedelike gebiede sal plaasvind.
	19	<p>Die verbreding van 'n pad met meer as vier meter, of die verlenging van 'n pad met meer as een kilometer.</p> <ul style="list-style-type: none"> i. In 'n riviermonding; ii. Buite stedelike gebiede, in:- <ul style="list-style-type: none"> (aa) 'n Beskermd gebied wat ingevolge NEMPAA geïdentifiseer is, uitgesonderd bewaarareas; (bb) Fokusgebiede van die Nasionale Strategie vir die Uitbreiding van Beskermd Gebiede; (cc) Sensitiewe gebiede soos geïdentifiseer in 'n omgewingsbestuursraamwerk soos beoog in Hoofstuk 5 van die Wet en soos deur die bevoegde owerheid aangeneem; (dd) Terreine of gebiede wat ingevolge 'n internasionale konvensie geïdentifiseer is; (ee) Kritieke biodiversiteitsgebiede soos geïdentifiseer in stelselmatige biodiversiteitsplanne wat deur die bevoegde owerheid aangeneem is of in bioregionale planne;

		<p>(ff) Kerngebiede in biosfeerreservate;</p> <p>(gg) Gebiede binne 10 kilometer van nasionale parke of wêrelderfenisterreine of vyf kilometer van enige ander beskermde gebied wat ingevolge NEMPAA geïdentifiseer is of van die kerngebied van 'n biosfeerreservaat;</p> <p>(hh) Gebiede seewaarts van die ontwikkelingsterugsetlyn of binne een kilometer van die hoogwatermerk van die see as daar nie so 'n terugsetlyn bepaal is nie;</p> <p>(ii) Gebiede aan die waterloopkant van die ontwikkelingsterugsetlyn of binne 100 meter van die rand van 'n waterloop waar daar nie so 'n terugsetlyn bepaal is nie.</p> <p>ii. In stedelike gebiede:</p> <p>(aa) Gebiede wat vir gebruik as openbare oop ruimtes gesoneer is;</p> <p>(bb) Gebiede wat vir bewaringsgebruik aangewys is in ruimtelike ontwikkelingsraamwerke wat deur die bevoegde owerheid aangeneem is, of wat vir 'n bewaringsdoel gesoneer is.</p>

OMGEWINGSIMPAKBEPALINGPROSES

Wat is 'n Omgewingsimpakbepalingsproses?



FASE 1 Kennisgewing van aanvang van OIB-proses

- Adverteer in gedrukte media
- Skriftelike kennisgewing aan geïdentifiseerde B&GP'e, belanghebbers en staatsorgane
- Verspreiding van OIB
- Konsultasie

FASE 2 Omgewingsomvangsbepalingsproses

- Konsultasie met belanghebbers en B&GP'e om kwessies te identifiseer
- Fokusgroepvergaderings
- Konsep Omvangsbepalingsverslag beskikbaar vir oorsig

- Openbare vergaderings & Sleutelbelanghebbewerkwinkels

FASE 3 Omgewingsimpakbepaling

- Voortgesette konsultasie met belanghebbers en B&GP'e om kwessies te identifiseer
- Fokusgroepvergaderings
- Konsep Omvangsbepalingsverslag & OBV beskikbaar vir oorsig
- Openbare vergaderings & Sleutelbelanghebbewerkwinkels

FASE 4 Besluitneming

- Finale OIB-verslag aan DOS & DEOOT vir oorsig & besluitneming voorgelê – sluit kommentaar van belanghebbers en B&GP'e tydens die OIB-proses in
- Geregistreeerde belanghebbers en B&GP'e skriftelik in kennis gestel van die besluit van die DOST oor die projek

'n **Omgewingsimpakbepaling (OIP)** is die vlak van omgewingsbepaling wat toegepas word op aktiwiteite wat in 2, Goewermentkennisgewing Nr. 544, soos hierbo genoem is, gelys word. Dit is aktiwiteite met 'n groter skaal waarvan die impak normaalweg verwag word om 'n negatiewe uitwerking op die omgewing te hê.

'n OIP word gewoonlik toegepas op aktiwiteite wat beskou word as synde omvangryke omgewingsimpakte te hê en gevolglik 'n volledige en gedetailleerde Omgewingsimpakbepaling vereis. 'n Omvangsbepalingverslag en Omgewingsimpakverslag is 'n meer noukeurige ontleding van die omgewingsimpakte van die voorgestelde aktiwiteit as 'n Basiese Bepalingsverslag. Die proses vereis openbare kennisgewing, inagnam van die potensiele omgewingsimpakte van die aktiwiteit, evaluering van potensiele versagende maatreëls, en 'n evaluering of daar enige belangrike kwessies of impakte is wat dalk verdere ondersoek verg.

Die Openbare Deelnameproses (ODP) is 'n hoeksteen van enige OIB om te verseker dat die proses regverdig, oop, deursigtig en inklusief is. Dit voorsien aan belanghebbers voldoende inligting en bied hulle ruim geleentheid om bydraes te lewer en laat hulle ook voel dat hulle bydraes op prys gestel word.

Die ODP is ontwerp om op objektiewe wyse voldoende en toeganklike inligting aan B&GP'e te voorsien om hulle in staat te stel om:

- kommerwekkende kwessies te opper en voorstelle te maak vir alternatiewe en verbeterde voordele;
- 'n bydrae tot plaaslike kennis te lewer;
- seker te maak dat hulle kwessies aangeteken is en deur die tegniese ondersoeke oorweeg is; en
- kommentaar te lewer op die bevindings van die proses.

As deel van die ODP word openbare vergaderings gehou in toeganklike lokale naby die studiegebied. Behalwe geïdentifiseerde sleutelbelanghebbers, word geregistreeerde B&GP'e ook van hierdie vergaderings in kennis gestel. Hierdie vergaderings het ten doel om:

- inligting wat spesifiek op die projek betrekking het, te voorsien,
- die omgewings- en openbare deelnameproses te verduidelik wat gevolg sal word; en
- B&GP'e die geleentheid te bied om kwessies by te dra.

BENADERING TOT DIE OIB-PROSES

Omvangsbepalingfase

'n OIB word in fases onderneem, soos hieronder uiteengesit word. Die voorlopige skedulering van hierdie fases vir die voorgestelde projek word ook aangedui. Die OIB-proses sal die volgende aktiwiteite insluit:

- Vergadering met owerhede om op die proses- en studievereistes ooreen te kom;
- Verspreiding van hierdie ODP-materiaal met 'n uitnodiging aan B&GP'e in die projekarea en verder om bydraes te lewer;
- Advertensies in geselekteerde plaaslike koerante om geleenthede tot deelname aan te kondig;
- Belanghebbewergaderings met relevante verteenwoordigers om die projek bekend te stel;
- Vorderingsterugvoerbrief word uitgereik en aankondigings word gemaak oor die beskikbaarheid van die

- Konsep Omvangsbepalingsverslag en Kwessies-en-Antwoordverslag;
- Verspreiding van 'n Konsep Omvangsbepalingsverslag, insluitende Kwessies-en-Antwoordverslag, vir kommentaar by strategiese plekke;
- Voorlegging van Finale Omvangsbepalingsverslag, wat alle kwessies opneem wat geopper is vir die impakbepaling, aan die Departement van Omgewingsake.

OIB-fase

Dit is 'n tegniese fase waartydens spesialiste deeglike studies onderneem en projekalternatiewe vergelyk om in die verslag in te sluit. Die fase sluit ook die opstel van die Omgewingsbestuursplan vir voorgestelde aktiwiteite in. Die ODP sluit dan die volgende in:

- Vorderingsterugvoerbrief word uitgereik en aankondigings word gemaak oor die beskikbaarheid van die Konsep OIV en Kwessies-en-Antwoordverslag;
- Verspreiding van 'n Konsep OIV en OBPV, insluitende Kwessies-en-Antwoordverslag, vir kommentaar by strategiese plekke;
- Belanghebberversamings met relevante verteenwoordigers om terugvoer oor spesialisbevindings te gee;
- Voorlegging van 'n Finale OIV en OBPV, wat alle kwessies omvat geopper is en geëvalueer is vir die impakbepaling, aan die DOS.
- Vorderingsterugvoerbrief aan belanghebbers oor die rekord van besluit ná besluitneming deur die DOS.

Besluitnemingsfase:

- Nadat omgewingsmagtiging vir die projek verkry is, word belanghebbers van die besluit in kennis gestel asook die wyse waarop daar teen die besluit geappelleer kan word.

VOORLOPIGE LYS VAN OMGEWINGSKWESSIES

'n Aantal potensiële omgewingskwessies is reeds geïdentifiseer en verskyn hieronder om B&GP'e te help om die ondersoek te verstaan wat onderneem gaan word as deel van die omgewingsbepalingsproses.

Moontlike omgewingskwessies is:

- Impakte op die ekologie (fauna en flora);
- Impakte op die voëllewe
- Impakte op landbou
- Impakte op waterkanale of oppervlakwater;
- Moontlikheid van verkeerimpakte op grondkenmerke tydens konstruksie
- Veiligheid en sekuriteit
- Argeologiese en paleontologiese terreine
- Werkskepping
- Verlies van estetika (visuele impak)
- Hidrologie en dreinerings
- Bestaande en toekomstige ontwikkelings
- Verlies van geriewe
- Nabyheid aan ontwikkelde gebiede
- Lugbesoedeling
- Voordele van die ontwikkeling vir die plaaslike en streekse ekonomie
- Moontlike ongeriefimpakte tydens konstruksies, bv. stof, geraas
- Besoedeling en afvalbestuur.

Spesialisstudies

'n Span onafhanklike Spesialiste sal aangestel word om hierdie impakte in terme van hulle belang te evalueer volgens die riglyne vir OIB wat deur die Departement van Omgewingsake (DOS) gepubliseer is. Die spesialisstudies sluit die volgende in:

- Avifauna
- Botanies
- Ekologies
- Erfenis
- Vleilandafbakening en vloedlynbepaling
- Landbou
- Sosiaal
- Toerisme

B&GP-REGISTRASIE

Ingevolge die OIB-regulasies vereis hierdie voorgestelde projek assessering en kommunikasie van potensiële omgewingsimpakte van aktiwiteite op grond van die prosedures wat in Artikels 27 tot 36 van die Regulasies R543

van Augustus 2010 beskryf word.

B&GP'e word versoek om te registreer om te verseker dat hulle alle relevante korrespondensie ontvang en verwittig word van belangrike datums vir vergaderings en wanneer projekdokumente vir kommentaar beskikbaar gestel word.

U sal in die B&GP-databasis opgeneem word en verdere dokumente vir kommentaar ontvang wanneer hulle beskikbaar word. U kommentaar sal verseker dat alle relevante kommentaar in die Omvangsbepalingsverslag en die finale OIB-verslag opgeneem word. Indien u enige kwellings wil opper of kommentaar wil lewer oor hierdie OIB, kan u die ingeslote registrasie-/kommentaarblad voltooi en instuur, ons kantore skakel of 'n e-pos stuur.

Wie is B&GP'e

Enige persoon of groep persone wat bekommerd is oor of geaffekteer word deur 'n aktiwiteit en die nagevolge daarvan. Dit sluit die owerhede, plaaslike gemeenskappe, beleggers, werkers, klante en verbruikers, omgewingsbelangroepe en die algemene publiek in.

Jou kommentaar is belangrik

Jou kommentaar verseker dat alle relevante kwessies tydens die OIB-proses geëvalueer word. Ons versoek u vriendelik om die ingeslote registrasie-/kommentaarvorm te voltooi, 'n brief te skryf, of ons kantoor te skakel of 'n e-pos te stuur (sien inligtingsblokkie vir kontakbesonderhede). U sal dan nadere inligting oor die voorgestelde projek ontvang.

Stel ons asseblief ook in kennis indien u 'n afskrif van die OIB-regulasies, Die Gebruikersgids vir die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA) of enige ander materiaal verlang om u by te staan om kommentaar te lewer.

Belangstellende en Geaffekteerde Partye (B&GP'e) wat tot dusver geïdentifiseer is:

- Limpopo Departement van Omgewingsake
- Limpopo Departement van Paaie en Vervoer
- Limpopo Erfenishulpbronagentskap
- Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap
- Grondeienaars

Indien u van enige ander maatskappye, groepe of individue weet wat moontlik 'n BGP mag wees, is u welkom om ons te laat weet.

Adres vir kommentaar:

Nzumbululo Heritage Solutions
Posbus 4106, Halfweghuis, 1685.

Tel: 011 021 4937

Faks: 086 544 2177

E-pos: environment@nzumbululo.com / mogajaneke@nzumbululo.com

REGISTRASIEVORM

Faks: (086) 544 2177

AGTERGRONDINLIGTINGSDOKUMENT VIR DIE OMGEWINGSIMPAKBEPALINGPROSES VIR DIE VOORGESTELDE KONSTRUKSIE VAN 'N 400KV ±250 KM KRAGLYN VANAF BORUTHO S/S IN MOKOPANE TOT BY BOKMAKIERIE S/S IN NZHELELE & GEPAARDGAANDE SUBSTASIEWERK OM DIE KRAGLYN TE AKKOMMODEER, LIMPOPO PROVINSIE (DOS VERWYSINGSNR. 14/12/16/3/3/2/287, EN NDOS VERWYSINGSNR. DEAT/EIA/0001049/2012

NAAM	VAN	MAATSKAPPY/ASSOSIASIE
KONTAKBESONDERHEDE		ADRES
TEL:
FAKS:
SEL:
E-POS: KODE:
MERK ASSEBLIEF DIE TOEPASLIKE BLOKKIE		
ONDERSTEUN	ONDERSTEUN MET KOMMENTAAR	ONDERSTEUN NIE
OPMERKING(S)		
VOORLETTERS & VAN	HANDTEKENING	DATUM